HOËRSKOOL – BRACKENFELL – HIGH SCHOOL

Privaatsak/Private Bag X03, Brackenfell, 7560 -- Tel. 021 981 5522
E-pos/Email - schoolfees@brackenfellhs.co.za

26 Oktober 2022

Geagte Ouer

2023 SKOOLFONDS BETAALBAAR

Soos goedgekeur by die Begrotingsvergadering vir ouers, gehou op 19 Oktober 2022

Die volgende inligting is baie belangrik. Maak asseblief seker dat u deur al die dokumentasie lees, dit verstaan en alle vorms wat op u van toepassing is, volledig en korrek voltooi.
Die skool kan nie verantwoordelik gehou word indien u nie die regte proses gevolg het of nie die nodige en/of korrekte inligting betyds by die skool ingehandig het nie.

1. SKOOLGELD 2023 BETAALBAAR

Skoolfonds vir die 2023-skooljaar sal **R26 500 per** leerder beloop en is soos volg betaalbaar:

- Eerste paaiement R1 500 – betaalbaar voor 24 November 2022. Eerste paaiement moet betaal wees voordat handboeke uitgereik kan word.
- Jaargelde R25 000 – betaalbaar voor of op 28 Februarie 2023.

1.1 EENMALIG

Indien u **eenmalig** betaal voor of op 28 Februarie 2023, geld die volgende afslag:

- EFT-betaling, Debiet- en Kredietkaartbetaling: **R1 500 per leerder**
- Geen kontant vir eenmalige betaling sal aanvaar word nie

1.2 MAANDELIKS

Indien u verkies om **maandeliks te betaal**, moet u op die volgende let:

- 10 maandelikse paaiemente vanaf 1 Februarie 2023 tot 1 November 2023 (EFT of Debietorder)
- 12 maandelikse paaiemente vanaf 1 Desember 2022 tot 1 November 2023 (slegs per debietorder)
- U debietorderreëlings geld slegs vir die **skooljaar waarvoor dit ingevul is en moet jaarliks hernu word.**
- Bestaande 2022-debietorderbetalers moet dus ook 'n nuwe debietordervorm vir 2023 voltooi.
- Handig die oorspronklike debietordervorm by die Finansiële Kantoor in of u kan die vorm skandeer en e-pos aan schoolfees@brackenfellhs.co.za .

2. EERSTE PAAIEMENT

2.1 Die eerste paaiement van R1 500 moet voor 24 November 2022 via EFT of kredietkaart betaal word. Vermy enige kontantbetalings.

2.2 Indien u finansiële omstandighede dit nie toelaat nie, tref betyds reëlings met die Finansiële Kantoor per epos by schoolfees@brackenfellhs.co.za .

2.3 As u die eerste paaiement (R1 500) voor 24 November 2022 betaal, mag die leerder direk na die boekstoor gaan sonder enige bewys van betaling of kwitansie.

2.4 As u die eerste paaiement na 24 November 2022 betaal of as u met die Finansiële Kantoor reëlings getref het om eers na handboekuithandiging te betaal, moet die leerder eers na die **Finansiële Kantoor** kom vir die toestemmingsbrief om die handboeke voor die betaling te mag gaan afhaal.

3. BANKBESONDERHEDE

Betalings **moet direk in die skool se bankrekening** gemaak word. Vermy asseblief enige kontantbetalings by die skool weens hoë bankkoste en hoë risiko (geen tjekbetalings word meer aanvaar nie):

FNB, Takkode 210554, Tjekrekening 62620191198

Inbetalings moet u verwysing/registrasienommer van die leerder aandui. Kontak die Finansiële Kantoor vir die verwysing/registrasienommer van die leerder.

4. GEDEELTELIKE OF VOLLE KWYTSKELDING VAN SKOOLGELDE

Ingevolgde Artikel 39 van die SA Skolewet (No.84 van 1996) mag hulpbehoewende ouers aansoek doen om vermindering / kwytskelding van skoolgeld. Indien u genoodsaak is om aansoek te doen, kan u vanaf 09 November 2022 (tussen 08:00 en 14:00) die aansoekvorms by die Finansiële Kantoor (Mev Felicity Kimber) kom afhaal.

5. ALGEMENE SKOOLFONDSREËLS

5.1 Beide ouers van 'n leerder is verantwoordelik vir die betaling van skoolfonds, ongeag die huwelikstatus van die ouers.

5.2 **Alle komponente** van die skoolfonds, soos gespesifiseer, **is eenmalig vooruitbetaalbaar voor of op 28 Februarie 2023**. Met vergunning van die beheerliggaam mag skoolgelde afbetaal word soos uiteengesit in paragraaf 1. Verder beteken dit dat, wanneer hierdie vergunning nie nagekom word nie (bv. die maandelikse afbetalings per debietorder of enige ander ooreenkoms met skool aangegaan), met ander woorde u rekening is vir een maand agterstallig, sodanige vergunning in geheel verval en dat die volle uitstaande balans vir die volle akademiese jaar onmiddellik betaalbaar is.

5.3 **Indien u skoolfondsrekening vir meer as 30 dae agterstallig raak** sonder dat daar 'n toepaslike reëling met die skool getref is:

- sal die skool onmiddellik oorgaan tot die nodige regsprosesse ter vordering van u volle uitstaande skoolfonds, wat oorhandiging aan prokureurs en "blacklisting" van u naam op die ITC-databasis behels.
- omdat beide ouers aanspreeklik is, sal daar in sulke gevalle teen beide ouers opgetree word, ongeag enige egskeidingsooreenkoms wat daar tussen die partye mag bestaan.
- u sal dan ook verantwoordelik wees vir alle addisionele kostes (prokureursfooie, uitgawes, rente, ens.) van watter aard ook al.

5.4 Ons wil dus weereens 'n beroep op u doen om u skoolfondsrekening op datum te hou om te verhoed dat onnodige kostes aangegaan moet word. **Tree dus asseblief onmiddellik met die Finansiële Kantoor in verbinding** om 'n toepaslike reëling met die skool te tref wanneer dinge skeef loop.

5.5 **Indien u finansiële omstandighede in die verloop van die betrokke skooljaar sodanig sou verander** dat u nie meer die skoolgelde kan bekostig nie, moet u asseblief so gou moontlik met die Finansiële Kantoor 'n afspraak maak om te bepaal of u vir enige kwytskelding kragtens die SA Skolewet se bepalings kwalifiseer. U aandag word ook daarop gevestig dat hoe langer u wag, hoe later sal u moontlike kwytskelding in werking tree.

WAT U NOU MOET DOEN

1. REGISTRASIENOMMER - UNIEKE VERWYSINGSNOMMER

Maak seker u het u REGISTRASIENOMMER ontvang. Indien nie, kontak die Finansiële Kantoor vir u unieke verwysingsnommer. Gebruik hierdie verwysingsnommer vir inbetalings van alle skoolgelde.

2. VORMS WAT VOLTOOI EN INGEHANDIG MOET WORD

Die volgende aangehegte vorms **MOET** volledig ingevul en geteken by die **skool ingehandig** word.

- **Jaarlikse standaardooreenkoms** (almal)
- **Regulasies vir die kwytskelding van ouers vir die betaling van skoolfonds** (almal)
- **Debietordervorm** (slegs as u, u skoolfonds per diebietorder wil betaal)

Ons maak staat op u samewerking in hierdie verband.

JW Muller
Skoolhoof